**Skriflesing Lukas 19 vers 1-10**
**Tema Saam met wie sal jy graag wil eet?**

Die naam Saggeus beteken skoon of onskuldig. Maar Saggeus se lewe was ver verwyder van die betekenis van sy naam. Hy was die hooftollenaar van die Jerigo streek. Die tollenaars was mense wat belasting van hulle Joodse volksgenote vir die Romeinse regering ingesamel het. Die Jode het geen liefde vir die Romeinse regering gehad nie. Tollenaars is dus deur hul mede-Jode as verraaiers gesien omdat hulle vir die Romeinse vyand gewerk het. 'n Tollenaar het die reg gekry om sy eie kommissie by te sit by die belasting wat hulle aan die Romeine moes oorbetaal. Hulle het baie meer as wat nodig was van hul volksgenote ingesamel en dit dan in hulle eie sakke gesteek. Almal kon nie byhou by die prys van hierdie dikwels buitensporige belastings nie en moes hulle huise en besighede soms verkoop om hul belasting te kan betaal. Tollenaars soos Saggeus het mense op straat gesit.

Boonop was Saggeus die hooftollenaar van daardie streek, wat beteken het dat hy ander tollenaars gehad het wat vir hom gewerk het en elkeen moes aan hom van hulle geld oorbetaal vir hierdie voorreg. Mense het Saggeus gehaat. Hy was ryk en magtig terwyl baie van hulle arm was en en maand vir maand moes sukkel om die wa deur die drif te trek.

Maar hy moes geweldig eensaam gewees het. Hy was afgesny van God omdat hy die skuldlas gehad het van al die korrupsie wat hy gepleeg het en al die mense wat hy op straat of in die tronk gesit het. Hy was ook afgesny van sy Joodse volksgenote. Hulle het hom gehaat en verag omdat hy vir die vyand en verdrukker van die Joodse volk gewerk het. Vir die Jode was hy niks minder as vuilgoed nie.

Saggeus het op 'n dag in 'n boom geklim om Jesus te sien. Waarom hy dit doen, weet ons nie. Miskien was hy nuuskierig. Dalk het hy iewers gehoor dat Jesus 'n blinde man buite die stad gesond gemaak het. Of hy het gehoor dat Jesus simpatiek is, dat Sy hart en woorde sag is teenoor sondaars en straatvroue en selfs tollenaars en dat Hy anders na hulle, wat verlore is, kyk as die meeste ander mense.

Saggeus gaan sit in die boom net om Jesus te sien. Hy het geen verwagting dat Jesus hom gaan raaksien nie, wat nog te sê in sy huis sal wil tuisgaan of saam met hom aan tafel sit en eet.

Maar Jesus sien hom en spreek hom aan op sy naam. Hy nooi homself na Saggeus se huis toe. So sien Jesus ons almal steeds raak vandag. Al sien niemand anders jou raak of reken die meeste mense jou lewe is nie van veel waarde nie. Dit maak nie saak hoe hoog die boom is waarin jy sit of hoe diep die gat is waarin jy geval het nie. Dit maak nie saak hoe ver jy reken jy van God af weggedwaal het en of jy jare lank 'n toeskouer van die geloof is nie. Dit maak nie saak hoe ver jy reken jou sonde en slegte besluite jou van God en mense af geplaas het nie. Daar is nêrens waar Hy in liefde en genade jou nie sal raaksien en kom haal nie.

Ons lees in Romeine 3 vers 23: "Almal het gesondig en is ver van God, maar hulle word sonder dat hulle dit verdien op grond van Sy genade vry gespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus."
Saggeus is nie gered oor enige iets wat hy gedoen het nie. Dit gaan nie hier oor Saggeus wat vir Jesus kon sien nie, maar oor Jesus wat vir Saggeus raakgesien, na hom gekom

en hom gered het. Hy is gered omdat God se genade vir alle mense bedoel is. Dis ongeag hoe groot jou sonde en ellende is en of jy met jou hele lewe eintlik al oor en oor bewys het dat jy die naam van kind van God nie werd is nie. Die pak van God se genade is altyd oneindig groter as die pakkie van jou skuld en sonde.

Sonder God se genade vir almal was ek en jy net so verlore soos Saggeus. Ons kan soos Saggeus net skoon en onskuldig genoem word, omdat Jesus ook ons lewens aangeraak het deur Sy offer aan die kruis. Dit is die eerste waarheid van die boodskap van Lukas 19.

Maar hier is in hierdie verhaal nog ‘n baie belangrike waarheid. Saggeus se bekering verander sy lewe en die gemeenskap om hom. Saggeus wou waarskynlik Jesus van ‘n veilige afstand uit die boom uit dophou - hy het nooit beplan dat sy lewe daardie dag sou verander nie. Hy wou net toeskouer wees.

Maar in Jesus se teenwoordigheid verander prioriteite. Aardse goed word waardeloos. Lewens verander radikaal.

Saggeus is bereid om die hoogste prys te betaal, want hy wil gee soos wat God vir hom gegee het. Dit wat in sy lewe gebeur het, het in sy dade sigbaar geword. Hy wat voorheen so op homself ingestel was, kyk nou weg van die eie-ek en sien ander raak. Die greep wat geld en mag vir so baie jare op sy lewe gehad het, is gebreek. Hy is vry om te gee, om terug te gee, soveel meer as wat die wet vereis het.

Hy wat so dikwels sy posisie misbruik het om mense te verneder en uit te buit, gee die helfte van sy goed aan die armes. Waar hy van iemand afgepers het, gee hy vierdubbel terug.

‘n Ontmoeting met die lewende Here laat ons nie net anders praat nie, maar laat ons ook anders leef. Die redding van Saggeus kring uit na die gemeenskap om hom. Die gemeenskap kry 'n weldoener. Die armes kry 'n versorger. Saggeus se bekering sit kos terug op kinders se borde.

Hoe raak jou en my kindskap van Jesus Christus die gemeenskap om ons aan?  Die evangelie van Jesus is allermins net ‘n persoonlike saak tussen my en God. Dit verander net nie net my lewe nie, maar ook dié van die  gemeenskap en die mense om my. As Jesus jou lewe aanraak, dan kyk jy nie net anders na God en jou eie lewe nie, jy kyk ook anders na die mense om jou. En soos die hart en hande van Jesus, gaan jou hart en hande oop vir die mense rondom jou. Jy gaan uit en gaan sit saam met hulle aan tafel.

**Slot**

Ons moes onlangs ‘n vraelys invul en ek het met ‘n skok agtergekom dat ons in die afgelope boekjaar net 10% van ons finansies buite die gemeente spandeer het. Nog ‘n vraag was: “Hoeveel mense, wat glad nie lidmate van enige gemeente was nie, het die afgelope jaar by ons gemeente ingeskakel?” Ek is nie bewus van enige mense nie. Ons is ‘n groeiende gemeente, maar ons groei kom vanuit ander gemeentes.

Saam met wie wil jy graag eet? Ek het iewers gelees van iemand wat gesê het: “Julle moet nie julle hekke hoër bou nie. Julle moet julle tafels langer maak.”  Kom ons gaan sit in navolging van Jesus se voorbeeld  saam met ander mense as net ons geloofsfamilie aan die tafel. Kom reik uit na hulle met die liefde van die Here.

**Amen**